
Kobus van Tonder

# Kanola: Elke bietjie tel

Bemeester die invloed van die "kritieke kwart ton" by kanolaverbouing, en lande van goud is die beloning vir winsgestroopte Wes-Kaapse saaiboere.

**Foto's: Amelia Genis**



Wat meer moet kanola doen om 'n groter staanplek in die wisselboustelsels van wintergraanboere te verdien?

Winsgewendheid is die enigste maatstaf wat regtig saak maak. Dit is presies wat die jongste produksiesyfers (vir verlede jaar) van Malmesbury en Porterville se kleingraanstudiegroepe in die meegaande **tabel** toon. Die lede van dié studiegroep is verteenwoordigend van die twee gebiede.

Hierdie syfers kom uit die praktyk, sê mnr. Hardus van Vuuren, 'n landbou-adviseur verbonde aan Kaap Agri op Porterville, wat nou betrokke was by die verwerking van die groot hoeveelheid data.

Volgens hom kan baie interessante afleidings uit die syfers gemaak word, solank in gedagte gehou word dat daar baie veranderlikes ter sprake is, soos die verskillende benaderings van die deelnemende boere, grondtipes en reënval. Een ding is egter seker: Dit gaan die goeie moontlikhede van kanolaverbouing nou waarskynlik meer as tevore skerp onder die soeklig plaas. Dit toon onder meer dat kanola inderwaarheid 'n kontantgewas in eie reg is. En moenie verbaas wees as dit koring plek-plek selfs klop nie, gegewe die huidige vlakke van winsgewendheid en gunstige verbouingstoestande vir kanola.


Die twee studiegroepe het onder meer bevind dat koring wat kanola opvolg, 11,95% hoër opbrengste tot gevolg het as koring wat binne 'n monokultuurstelsel verbou word. Voorts toon hul data dat bruto marges met 27,69% styg waar koring hierdie oliegewas met sy geel blomme opvolg, vergeleke met sy monokultuur-eweknie.

In die geval van 'n koringmonokultuurstelsel beloop die bruto inkomste R1,55 vir elke rand wat die boer bestee het. Die syfer styg tot R1,68 vir elke rand bestee aan koring in 'n wisselboustelsel waar kanola die jaar vantevore (2008) verbou is.

Nog 'n interessante stukkie inligting uit die studiegroepe se data is dat boere R113,49 per

Die bruto marge (R) van kanola teen verskillende opbrengste en graanpryse as die regstreeks toedeelbare koste R2 835,81 per hektaar is.

| Prys per ton (R) | Opbrengs (t/ha) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0,75 | 1 | 1,25 | 1,5 | 1,75 | 2 |
| 3 500 | -210,81 | 664,19 | 1 539,19 | 2 414,19 | 3 289,19 | 4 164,19 |
| 3 450 | -248,31 | 614,19 | 1 476,69 | 2 339,19 | 3 201,69 | 4 064,19 |
| 3 400 | -285,81 | 564,19 | 1 414,19 | 2 264,19 | 3 114,19 | 3 964,19 |
| 3 350 | -323,31 | 514,19 | 1 351,69 | 2 189,19 | 3 026,69 | 3 864,19 |
| 3 300 | -360,81 | 464,19 | 1 289,19 | 2 114,19 | 2 939,19 | 3 764,19 |
| 3 250 | -398,31 | 414,19 | 1 226,69 | 2 039,19 | 2 851,69 | 3 664,19 |
| 3 200 | -435,81 | 364,19 | 1 164,19 | 1 964,19 | 2 764,19 | 3 564,19 |
| 3 150 | -473,31 | 314,19 | 1 101,69 | 1 889,19 | 2 676,69 | 3 464,19 |
| 3 100 | -510,81 | 264,19 | 1 039,19 | 1 814,19 | 2 589,19 | 3 364,19 |
| 3 050 | -548,31 | 214,19 | 976,69 | 1 739,19 | 2 501,69 | 3 264,19 |
| 3 000 | -585,81 | 164,19 | 914,19 | 1 664,19 | 2 414,19 | 3 164,19 |
| 2 950 | -623,31 | 114,19 | 851,69 | 1 589,19 | 2 326,69 | 3 064,19 |
| 2 900 | -660,81 | 64,19 | 789,19 | 1 514,19 | 2 239,19 | 2 964,19 |
| 2 850 | -698,31 | 14,19 | 726,69 | 1 439,19 | 2 151,69 | 2 864,19 |
| 2 800 | -735,81 | -35,81 | 664,19 | 1 364,19 | 2 064,19 | 2 764,19 |
| 2 750 | -773,31 | -85,81 | 601,69 | 1 289,19 | 1 976,69 | 2 664,19 |
| 2 700 | -810,81 | -135,81 | 539,19 | 1 214,19 | 1 889,19 | 2 564,19 |
| 2 650 | -848,31 | -185,81 | 476,69 | 1 139,19 | 1 801,69 | 2 464,19 |
| 2 600 | -885,81 | -235,81 | 414,19 | 1 064,19 | 1 714,19 | 2 364,19 |
| 2 550 | -923,31 | -285,81 | 351,69 | 989,19 | 1 626,69 | 2 264,19 |
| 2 500 | -960,81 | -335,81 | 289,19 | 914,19 | 1 539,19 | 2 164,19 |
| 2 450 | -998,31 | -385,81 | 226,69 | 839,19 | 1 451,69 | 2 064,19 |
| 2 400 | -1 035,81 | -435,81 | 164,19 | 764,19 | 1 364,19 | 1 964,19 |



hektaar op hul chemiese koste bespaar het in gevalle waar koring kanola opgevolg het, vergeleke met koring wat in monokultuur verbou is.

Trouens, die studiegroep se syfers dui sonder uitsondering daarop dat koringstande wat kanola opvolg deurgaans 'n beter winspotensiaal het as koring wat in 'n monokultuurstelsel verbou word.

Kanola doen dus sy bes. Kan dieselfde ook van die boer gesê word? Dit is bekend dat kanola dikwels intensiewer bestuur as sommige ander gewasse vereis.

Tydens die verwerking van die studiegroepe se syfers het dit Van Vuuren opgeval hoe 'n klein bietjie meer of minder saadopbrengs van slegs 'n paar honderd kilogram per hektaar 'n groot verskil aan wins en verlies kan maak – iets wat dikwels verspot maklik en betreklik moeitevry met kundige aandag reggestel kan word.

Só het die beginsel van die "kritieke kwart ton" sy beslag gekry. Op sy beste werk die beginsel as 'n kitsoplossing vir die onervare boer om dreigende verliese om te keer.

**LINKS: 'n Mooi kanola-land by Malmesbury.**

Dit werk só: Veronderstel die boer het 'n gemiddelde opbrengs van 1,25 ton per hektaar, 'n kontrakprys van R2 800 per ton en regstreeks toedeelbare koste van R2 835,81 om 'n enkele hektaar kanola te produseer. Hierdie is die werklike syfers verkry van die studiegroepe waaraan meer as 14 boere verlede jaar deelgeneem het.

Met die gegewens wat bekend is, kan die bruto marge nou soos volg bereken word: Die bruto inkomste per hektaar beloop R3 500 (1,25 ton kanola teen R2 800 per hektaar). Die bruto marge van R664,19 per hektaar word bereken deur die regstreeks toedeelbare koste (R2 835,81) van die bruto inkomste (R3 500) af te trek.

Let op wat gebeur as die opbrengs met 'n kwart ton per hektaar verlaag. Bruto marges toon 'n negatiewe waarde van R35,81 per hektaar, hoewel die prys en die regstreeks toedeelbare koste onveranderd is.

Die teenoorgestelde ge- ▶



◄ beur as die opbrengs met 0,25 t/ha styg. Die bruto marge verdubbel bykans tot R1 364,19 indien die regstreekse produksiekoste konstant bly.

Let wel daarop dat die produsent in hierdie stadium nog geen vaste koste vereffen het nie en dat dié waarde slegs die potensiaal van moontlike winste aandui.

Die Swartland word reeds beskou as die streek met die grootste potensiaal in die land waar kanolaproduksie uitgebrei kan word. Verlede jaar se skerp styging in produksie van 38% vergeleke met 2008 getuig hiervan. Dit het die totale area onder kanolaverbouing tot 11 300 hektaar laat styg.

Niks het vanjaar gekom van die verwagte groter uitbreiding van kanola-aanplantings in die Wes-Kaap nie. Voorlopige beramings deur mnr. Kelly Becker, bestuurder van SOIL, die plantolie-raffinadery op Swellendam, toon 'n geringe toename in die Swartland van sowat 200 hektaar.

Weens die droogte in die oostelike gebied van die Sentraal-Suid-koöperasie van die Suid-Kaap is sowat 2 000 hektaar minder beplant, of het aanplantings weens die droogte verlore gegaan. Van die Overberg is eweneens 'n groot toename verwag, dog aanplantings daar was grootliks onveranderd teenoor verlede jaar.

Volgens Van Vuuren is daar steeds probleme wat kop uitsteek met die produksie van kanola in onder meer die Swartland. Tydens vestiging ondervind boere soms nog probleme met swak ontkieming en opkoms. Slakke bedreig nog plante in hul vroeë groeistadium, en windskade en oesverliese kan erg aan opbrengste torring.

Ontkieming geskied goed as daar voldoende grondvog teenwoordig is tesame met grondtemperature van sowat 20 °C. Vestiging moet dus plaasvind wanneer die temperature nog nie te laag is nie. Die einde van April tot vroeg in Mei skyn ideaal te wees met normale weerpatrone. Omdat kanola oor 'n baie klein duisendkorrelmassa beskik (baie klein saadjies), bevat dit gevolglik min reserwes en moet dit nie te diep geplant word nie, anders sal dit ontkieming nadelig beïnvloed.

Van Vuuren sonder grond-pH uit as 'n faktor van deurslaggewende belang, aangesien kanola nie goed presteer in 'n omgewing met 'n lae pH nie ('n pH van tussen 5 en 7 (KCl) is ideaal).

Voorts kan tekorte aan swael oesverliese veroorsaak. Kanola se swaelbehoefte is vier keer meer as dié van koring en verg dus spesiale aandag. 'n Goeie riglyn is dat kanola 15 kg tot 20 kg swael per hektaar onttrek vir elke ton saad wat geproduseer word.

Bekendes in die kanolabedryf doen wenke aan die hand oor hoe om opbrengs sonder bykomende produksiekoste maklik met 'n kwart ton te verhoog. Dit is gegrond op hul waarnemings van die foute wat nog dikwels begaan word.

Vir mnr. Dirk Lesch van die plaas Elim, naby Malmesbury, en verlede jaar se Kanolaboer van die Jaar, is die tydsberekening van platsny alles. As 'n mens te lank wag, gaan jy saad mors. Dit is presies waar hy in die verlede foute gemaak het.

As die boer die kanola te vroeg platsny om die mors van saad te verminder, het dit egter probleme van sy eie in die vorm van te veel groen sade. Ses tot sewe dae nadat die kanola platgesny is, moet 'n mens begin stroop – en as jy begin stroop, moet jy aanhou stroop sodat die oes van die land af kan kom. Die Kaapse wind en saad wat spring, gaan jou duur kos as jy tussendeur eers elders wil gaan peuter, sê Lesch.

**Dit is bekend dat kanola dikwels intensiewer bestuur as sommige ander gewasse vereis.**

Dr. Mark Hardy, 'n spesialisnavorser van die Wes-Kaapse departement van landbou, stem saam dat oestyd die kritieke tyd op die kanola-kalender is wanneer 'n potensieel goeie opbrengs in 'n middelmatige een in die silo verander as die boer nie bedrewe te werk gaan nie. Dit is omdat die kritieke periode vir die oes van kanola besonder klein is. As jy kundig platsny, is daar meer beweegruimte.

'n Mens moet seker maak die oes is ryp en die vogstatus is 12% as jy nie oor drooggeriewe beskik nie. Wees op die uitkyk vir te veel groen sade, anders gaan jou oes afgegradeer word. Kies dan 'n koel en klam dag en begin sny.



**Koring wat ná kanola geplant is, het 'n aansienlik beter opbrengs gelewer as koring wat in 'n monokultuurstelsel verbou is.**

Dr. Johan Strauss, 'n navorser verbonde aan die instituut vir plantproduksie op Elsenburg, het al belangrike navorsing oor oesverliese by kanola gedoen. Die vogstatus van die saad tydens die oestyd is duidelik sy groot bekommernis. 'n Mens moet staande kanola stroop wanneer die vogstatus 12% is en jy moenie wag tot op 8% nie, is sy raad.

In gevalle van platsny moet sorg gedra word dat die handeling egalig geskied. Dit beteken dat die kamspoed (tol) en grondspoed dieselfde is, anders kan meer saad vermors word, sê hy.

Mnr. Piet Lombard, 'n tegnikus by dieselfde instituut, is 'n voorstander van vroeër aanplantings as dit by kanola kom. Die plant het 'n onbepaalde groeiwyse en sal aanhou saad produseer solank groeitoestande gunstig is. Deur 'n week vroeër te plant, kan die opbrengs met sowat 6% verhoog word, gegewe die aard van die betrokke groeityd. Grondvog moet egter voldoende wees wanneer die boer plant. "Die Australiërs kry dit reg, so hoekom kan ons nie ook nie?"

Lombard beklemtoon dat die regte keuse van kultivars vir bepaalde toestande opbrengste met 10% kan opstoot. Sy raad is dat die boer die beste drie kultivars vir sy omgewing uit al drie groepe kies. Dit is eintlik logies, maar tog gebeur dit dikwels nie, sê hy.

Intussen het die Proteïennavorsingstigting ook sy jongste inligting oor inkomste en uitgawe vir kanola vir die hele verbouingsgebied van die Wes-Kaap bekend gestel. Dit is by sy kantoor in Rivonia beskikbaar. LB